# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

### NOVEMBER EKSAMEN - VRAESTEL 1

**GRAAD 11** **TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 80**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 16 BLADSYE**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   - Afdeling A: Leesbegrip (30)
   - Afdeling B: Opsomming (10)
   - Afdeling C: Taal (40)

3. Lees die instruksies by AL die vrae.

4. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae genommer is.

5. Laat ‘n reël oop na elke vraag.

6. Trek ‘n tweede kantlyn aan die regterkant van jou bladsye.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Vul die voorblad volledig in en moet dit nie afskeur nie!

## AFDELING A: BEGRIPSTOETSE

**Lees deur die begripstoets en beantwoord die vrae wat volg.**

**VRAAG 1**

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die volgende artikel deur en beantwoord al die vrae wat volg.

### Ntando Mahlangu, SA se nuwe lemnaeler-held






In 2012 het die jong Ntando Mahlangu vir die eerste keer hardlooplemme aan sy beenstompies geheg.

"Ek was so opgewonde toe ek my eerste tree gee dat ek naar geword het," het hy vier jaar later aan Paralympics News Service vertel. "Die dokter het gevra hoekom ek opgooi, toe sê ek vir hom dit is van blydskap."

Vandag, as 14-jarige, is hy Suid-Afrika se nuwe lemnaeler-held nadat hy op 11 September in Rio de Janeiro ouer en meer ervare atlete gewen het om die silwermedalje in die 200 m-eindwedloop te wen. Maar hy is al baie jare lank 'n held vir sy familie en die mense van sy tuisdorp, KwaMhlanga in Mpumalanga, en ook vir sy onderwysers, sportmentors en skoolvriende in Pretoria.



Mense soos dr. Louis Dey, onderhoof by die Laerskool Constantiapark in Pretoria, was nie verbaas in Ntando se sukses nie.
"Ons het geweet waartoe hy in staat is: ons het verwag hy sou 'n medalje wen."
Sy hele gr. 7-klas sou hom op 20 September op die O.R. Tampo Internasionale Lughawe 'n helde ontvangs gee met sy terugkeer.

Ntando is gebore met hemimelie- 'n toestand wat die ontwikkeling van sy bene onder die knie beïnvloed. Hy is in armoede gebore en is deur sy ouma grootgemaak. Sy toekoms het donker gelyk, maar hy was van kleins af uitgeknip om 'n held te wees. Dit was Ntando (toe 10) wat in 2011 sy geskokte familie vertel het dat hy sy bene hoog bokant sy knieë wil laat amputeer.




"My ouers het gedink ek is net 'n kind wat nie so 'n groot besluit kon neem nie, maar ek moes dit doen. Ek het geweet dit is wat ek wil hê die oomblik toe ek hoor ek kon prosteses kry as my bene geamputeer word.

Die hardlooplemme wat hy in 2012 die eerste keer aan sy stompies vasgemaak het, kon hy binne vyf dae gebruik. "Jy moet vinnig grootword as jy nie kan loop nie," het hy aan City Press gesê nadat hy silwer in Rio gewen het. "Ek moes leer om dinge te hanteer waaraan ander kinders nie eens gedink het nie."

Sewe mense woon in die Mahlangu's se klein, grys huisie. Ntando se ouma en oupa, sy ma en tannies, asook Ntando se jonger broer. Ntando se pa was nie deel van sy lewe nie en hy is deur sy ma en ouma grootgemaak. "As kleuter en jong kind het Ntando rondbeweeg deur te kruip," vertel sy ouma. Later het 'n familielid hom na die plaasskool toe op haar rug gedra.

Gelukkig het 'n "wildvreemde samaritaan" wat self prosteses gebruik, van Ntando gehoor en besluit om te help.



In 2013 is Ntando by die Laerskool Constantiapark in Pretoria ingeskryf. Die hele skoolgemeenskap het Ntando met ope arms verwelkom en gehelp.

In 2014 wen Ntando goud in die 100 m by die Nedbank Nasionale Atletiekkampioenskapsbyeenkoms. In 2016 word hy as die beste atleet vir die o. 23-Wêreldspele in rolstoel- en geamputeerde atlete aangewys.

Hy is nou in gr.7 en is ook 'n prefek. "Ntando is 'n natuurlike leier wat maklik saam met ander werk," sê die hoofmeisie, Hanlie Botha. "Hy het ons geleer gestremdes soek nie ons simpatie nie."



Voor sy vertrek na Rio het die hele skool vir Ntando by die sportterrein gaan totsiens sê. "Ons sportkapteins het 'n fakkel in 'n afloswedloop gedra en Ntando het die laaste 100 m gehardloop.

Niemand in KwaMhlanga of by sy Pretoriase skool vrees Ntando sal sy roem kop toe vat nie. Soos die jong lemnaeler self uit Rio laat hoor het: "Ek sien myself nie as 'n superster nie, net as Ntando Mahlangu. Ek is nog 'n 14-jarige wat daarvan hou om saam met vriende te kuier, na musiek te luister en natuurlik is ek mal oor sport."

(Verwerk uit Huisgenoot 29 September 2016)

VRAE:

1.1 Watter WOORD in die opskrif van die artikel sê vir ons dat mense Ntando bewonder? [1]

1.2 Watter groot ondervinding het Ntando fisies siek laat word? Skryf 4 opeenvolgende woorde as antwoord neer. [1]

1.3 In watter jaar het Ntando 'n onderhoud met Paralympics News Services gehad? [1]

1.4 Nthando is Suid-Afrika se nuwe held. Vir wie is hy al lankal 'n held? Skryf 'n sin as antwoord neer. [1]

1.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die volgende frase "… meer ervare atlete …" beteken dat die atlete

A. in meer byeenkomste en resies deelgeneem het.
B. die byeenkomste en resies beter ervaar het.
C. die byeenkomste en resies altyd gewen het.
D. in die byeenkomste en resies ervaring kry. [1]

1.6 Van watter provinsie kom Ntando Mahlangu?
Skryf EEN woord as antwoord neer. [1]

1.7 Hoekom was dr. Louis Dey nie verbaas in Ntando se sukses nie?
Haal 8 opeenvolgende woorde as antwoord aan. [1]

1.8 Wat het veroorsaak dat Ntando sy bene verloor het? [1]

1.9.1 Watter versoek het 'n tienjarige Ntando aan sy familie gerig wat hulle geskok het? Haal 11 opeenvolgende woorde as antwoord aan. [1]

1.9.2 Wat was die rede vir hierdie versoek van Ntando? [1]

1.9.3 Dink jy hierdie versoek van Ntando het sy lewe positief verander?
Motiveer jou antwoord. [1]

1.10 "Jy moet vinnig grootword as jy nie kan loop nie, "het hy aan City Press gesê nadat hy **<u>silwer</u>** in Rio gewen het.

1.10.1 Wat is hierdie silwer? [1]

1.11 Hoeveel van Ntando se tannies woon saam met hulle in die Mahlangu's se huisie? [1]

1.12 Ntando het met 'n familielid se voertuig na die plaasskool toe gegaan.

1.12.1 Hoekom is bogenoemde stelling ONWAAR? [1]

1.13 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

'n "Samaritaan" is gewoonlik iemand wat

A. net in die Bybel voorkom.
B. ander mense help teen betaling.
C. ander mense help en niks terug verwag nie.
D. net bekende mense help. [1]

1.14 Watter groot gebeurtenis het in 2013 in Ntando se lewe plaasgevind?
[1]

1.15.1 Hoe oud was Ntando toe hy in 2014 goud gewen het? [1]
1.15.2 Wie het hierdie atletiekbyeenkoms geborg? [1]

1.16 Volgens die hoofmeisie, Hanlie Botha, het Ntando karaktereienskappe wat hom nog ver in die lewe kan bring.
Noem 2 van hierdie eienskappe. [2]

1.17 Die hele skool het voor Ntando se vertrek na Rio by die sportterrein vir hom totsiens gaan sê.
Wie het laaste in die afloswedloop ter ere van hom gehardloop? [1]

1.18 Behalwe sport, het Ntando ook ander belangstellings.
Noem een van hulle. [1]

[22]

**TEKS B: STATISTIEKE**

1.19 Hoe sal jy weet as jy ‘n bedgogga in jou bed het? [1]

1.20 Gee ‘n voorbeeld van ‘n bedgogga wat in die teks genoem word. [1]

1.21 Hoe dikwels moet ‘n mens eintlik handdoeke vervang? [1]

1.22 Pas die gegewens in KOLOM A by die inligting in KOLOM B. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 1.22.1 Britte vervang hul beddegoed een keer ‘n jaar. | A. 1% |
| 1.22.2 Rapport se lesers vervang hul beddegoed elke twee weke. | B. 17% |
| 1.22.3 Die verskil in persentasie tussen die Britte en Rapport se lesers wat maandeliks beddegoed omruil. | C. 3% |
| | D. 24% |

[3]

1.23 As jy na die persentasies van die hoeveelheid mense kyk wat een keer ‘n week hulle beddegoed omruil, wie dink jy lewe die skoonste: die Britte of Rapport se lesers? Bewys jou antwoord uit die teks. [1]

1.24 Wat is die rede waarom die skrywer vir ons hierdie inligting gee? [1]
[8]

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

- Som die teks, "Wenke vir die gebruik van SMS'e" in jou eie sinne op.
- Skryf jou sinne PUNTSGEWYS neer.
- Nommer jou sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**WENKE VIR DIE GEBRUIK VAN SMS'e**

1. Gebruik Sms'e vir vinnige en goedkoop kommunikasie. Jy betaal min en kan vir iemand 'n boodskap stuur of ontvang.

2. Moenie laatnag telefoonoproepe maak nie. Die meeste mense sal nie telefoonoproepe maak as hulle drie-uur in die oggend sukkel om te slaap nie. Maar baie mense voel dat dit heeltemal reg is om so laat SMS'e te stuur.

3. SMS-taal is nie geskik vir alle situasies nie. Jy kan vir jou vriendin SMS "jamr, k, gan biki lat wees", maar beslis nie vir jou baas by die werk nie.

4. Moenie in geselskap sit en boodskappe stuur of ontvang nie. Skakel jou foon eerder af. Gaan uit en stuur jou boodskappe waar jy niemand pla nie.

5. Dis verkeerd om SMS'e op sekere plekke te stuur. Dit is 'n verkeersoortreding om te SMS terwyl jy bestuur. Moenie sit en SMS'e in die fliek stuur nie – jou selfoon se liggie pla die ander mense om jou.

6. Wees versigting wat jy in 'n SMS sê. Onthou SMS'e lei maklik tot misverstande. Mense kan nie jou lyftaal en gesigsuitdrukkings lees nie en jou boodskap/pe kan verkeerd verstaan word.

7. SMS'e is slegs vir informele gesprekke bedoel. Dit is nie voldoende vir belangrike reëlings of uitnodigings nie. Gebruik eerder ander kommunikasiemiddelle daarvoor.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Opsetlike foute kom voor.

**TEKS D**

3.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

3.1.1 DBV is die afkorting van die

A. Dierebeskermingsvereniging
B. Dierebehoeftesvereniging
C. Donkiebevoorregtevereniging
D. Dieresondergrensevereniging [1]

3.1.2 ‘n Vrywilliger is iemand wat ander help en

A. nie betaal wil word nie.
B. dan vry wil wees.
C. betaal wil word.
D. geld daarvoor vra. [1]

3.2 Wat bedoel die kat met die woorde “ diere soos ons” ? [1]

3.3 Skryf die korrekte antwoord neer om aan te dui dat die DBV net 60 minute van jou tyd vra.

Slegs (een uur / eenuur) van jou tyd kan genoeg geld insamel. [1]

3.4 Wat sê die hondjie se gesigsuitdrukking vir ons oor hoe hy voel? [1]

3.5 Waarom gebruik die adverteerder die verkleinwoorde **" hondjie"** en **" katjie"**? [1]

3.6 Waarom is die woorde **" Help asseblief!"** in grootdruk geskryf? [1]

3.7 Skryf die **SLAGSPREUK** van die DBV neer. [1]

3.8 Skryf die volgende sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Ek wil die plaaslike diere help. [1]

3.9 " Daar is baie maniere om te help"

Gee **EEN manier** hoe jy die diere by die DBV kan help. [1]
[10]

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

4.1 Waaroor gaan die twee seuns se gesprek? [1]

4.2.1 Hoe kan jy sien dat die donkerkopseun in die laaste raampie lag? [1]
4.2.2 Hoekom, dink jy, lag die donkerkopseun in die laaste raampie? [1]

4.3 Voltooi die volgende sin deur die korrekte antwoord te kies. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Die ligtekopseun voel in al drie die raampies

A. manmoedig
B. mismoedig
C. bemoedig
D. hoopvol [1]

4.4 Voltooi die volgende sin: Die seuns loop met hulle hande in hulle… [1]

4.5 Skryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE.**

Danie vra vir Koos: "Het jy iets reg gehad?"
Begin jou antwoord so: Danie vra vir Koos…… [1]

4.6 Skryf die volgende sin oor in die **INFINITIEF.**

Kinders moet vir al hulle toetse leer.
Begin jou antwoord so: Kinders behoort….. [1]

4.7 Wat dink jy gaan die ligtekopseun se ouers vir hom sê wanneer hulle sy toetspunte sien? [1]

4.8 Verbeter **die WOORDORDE** van die volgende sin.

Die seuns [elke dag loop na die plaaslike laerskool]. [1]

4.9 Skryf die **SINONIEM** van die woord tussen die hakies neer.

Die ligtekopseun is nie te positief oor die toets se [resultaat] nie. [1]
[10]

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute mag voorkom.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS F**

**Wie nie waag nie…en toe sê Chad sowaar ja!**

Johannesburg – Wie nie waag nie, wen nie.

So het Melanie Olhaus 5.1 (17) van die Hoërskool Glenvista in die suide van Johannesburg gesê oor die feit dat Chad le Clos, wat Olimpiese 5.2 (goud) en silwer medaljes gewen het, ingestem het om saam met haar na haar matriekdans te gaan.

“Ek het so gehuil toe hy ja sê; ek kan dit steeds nie glo nie,” het Melanie gesê. Sy het saam met honderde mense na die lughawe gegaan. Haar vriendin het gevra dat Chad haar 5.3 [hemp] teken. Sy het gehoop om persoonlik vir Chad te vra om saam met 5.4 (sy, haar, hare) na die dans te gaan.

Melanie het haar plakkaat van Chad omhoog gehou en hy het dit raakgesien! 5.5 Hy het na Melanie toe gestap en gesê hy sal haar metgesel wees. Sy het gehoop hy sal nie sy belofte 5.6 [onthou] nie.

Melanie het gesê sy weet nie wat sy alles vir hom gesê het nie, maar sy weet wel dat 5.7 [sy hartjie baie klein is].

Melanie het uitgeroep: “Hoera.” En toe was sy van voor af 5.8 [verlief]!

5.1 Skryf die **GETAL** tussen die hakies in die onderstaande sin in woorde.

Melanie (17) het gehoop dat hy na haar matriekafskeid sal gaan. [1]

5.2 Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen die hakies.

Chad, wat Olimpiese (goud) en silwer medaljes gewen het, het ingestem. [1]

5.3 Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen die hakies.

Haar vriendin het gevra of Chad al haar [hemp] geteken het. [1]

5.4 Kies die korrekte **VOORNAAMWOORD** tussen die hakies.

Melanie vra vir Chad om saam met (sy, haar, hare) na die afskeid te gaan. [1]

5.5 Skryf die volgende sin in die **DIREKTE REDE**.

Hy stap na Melanie toe en sê hy sal haar metgesel wees. [1]

5.6 Skryf die **ANTONIEM** van die woord tussen hakies neer.

Sy het gehoop hy sal nie sy belofte [onthou] nie. [1]

5.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Die idioom "**sy hartjie is baie klein"** beteken dat

A. Chad baie gou verlief raak.
B. Chad baie gou huil en emosioneel kan raak.
C. Chad hartprobleme het.
D. Chad se hart letterlik klein is. [1]

5.8 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen die hakies.

En toe was sy van voor af baie [verlief]! [1]

5.9 Voltooi die onderstaande sin met Melanie se moontlike UITROEP toe Chad ja gesê het.

Melanie het uitgeroep: " ….! Ek is so bly!" [1]

Lees die volgende artikel noukeurig deur en beantwoord al die taalvrae wat volg.

## TEKS G

**HOE OM TE KONSENTREER IN DIE KLAS**

- Sit voor in die klas en dit sal jou outomaties help om te konsentreer, want dit neem enige afleiding weg.
- Dit is belangrik om aktief deel te neem in die klas.
- As jy regtig nodig het om te konsentreer, moet jy jou selfoon heeltemal afsit.
- Eet elke dag 'n gesonde ontbyt om te voorkom dat jou aandag afgetrek word omdat jy honger is.
- Kry 'n goeie nagrus en slaap ten minste 8 ure per nag.
- As jy voel jou vermoë om te konsentreer begin af te neem, doen iets anders. Haal 'n pen uit jou tas of strek uit. Jy sal verbaas wees hoe goed dit werk!

5.10 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM neer.

Kinders sal 'n gesonde ontbyt in die oggend eet. [1]

5.11 Skryf die volgende sin in die TEENWOORDIGE TYD oor.

Die kinders moes ten minste 8 ure per nag slaap. [1]

5.12 Verbind die volgende sinne deur met die VOEGWOORD te begin.

Kinders speel op hulle selfone. Hulle konsentreer nie in die klas nie.

Begin soos aangedui.

Omdat…. [1]

5.13 Verander die STELSIN na 'n VRAAGSIN.
Die onderstreepte gedeelte moet die antwoord wees.

Die kinders neem deel aan die klasgesprekke. [1]

5.14 Skryf die volgende sin in die ONTKENNING oor.

Die onderwyser gee nog werk aan die leerders. [1]

5.15 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen die hakies.
Skryf net die antwoord neer.

Jy moet voor in die klas sit en [van / na / aan] jou onderwyser luister. [1]

[15]

**SPOTPRENT:**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.
- Opsetlike foute kan voorkom.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS H**



| | |
|---|---|
| Die seuntjie voel dat sy ma die 5.16 [dr.] moet besoek oor haar stresvlakke.<br><br>Soms is die seun 5.17 [so steeks soos 'n ……] by die huis.<br><br>Die seun dink sy ma is 5.18 [iemand wat sonder moed is]<br><br>Die seuntjie 5.19 [beteken, bedoel] dat die tablet hom slim sal maak.<br><br>Ma hou die tablet onder haar klein 5.20 [tong] | 5.16 Skryf die **AFKORTING** uit. [1]<br><br>5.17 Skryf die **VERGELYKING** uit. [1]<br><br>5.18 Gee **EEN WOORD** vir die beskrywing tussen die hakies. [1]<br><br>5.19 Kies die **KORREKTE** woord tussen die hakies. [1]<br><br>5.20 Gee die **VERKLEINING** van die woord tussen hakies. [1] |
| | |

[5]

**AFDELING C TOTAAL: [40]**

**GROOTTOTAAL: [80]**